Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

11 April 2022

Omsendskrywe 3 van 2022

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en spesifiek Kategorie 1 lede (predikante) van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

BEGRAFNISSKEMA: *SANLAM DEVELOPING MARKETS LIMITED* BEKEND AS SANLAM SKY

In omsendskrywe 2 is die jongste inligting oor die premie en dekkingsbedrae vir die begrafnisskema uiteengesit. Hierin is ook gekommunikeer dat die begrafnisskema 'n verpligte skema is vir alle leraars wat daarvoor kwalifiseer. Indien u dus op 1 Maart nog nie die ouderdom van 64 bereik het nie, moet u asseblief aan die skema deelneem.

Op 8 April is daar 'n vorderingsverslag van *Sanlam Sky* ontvang wat die nuwe toetredes tot die skema aangedui het. Op daardie stadium, het daar slegs 51 lede tot die skema toegetree waarvan enkele lede ook amptenare was. Uit 'n totaal van nagenoeg 420 kwalifiserende predikante, is die deelname teleurstellend.

U word asseblief versoek om dringend aan te sluit by die skema. U het geleentheid om dit te doen in April met die volgende betaallopie. Dit maak nie saak of u alreeds 'n begrafnisskema (apart van Sanlam Sky) in plek het nie. Altwee sal uitbetaal. Waar daar in die uitsonderlike geval beide man en vrou predikante is, moet altwee lede aan die skema behoort.

Die Bestuurskomitee het begrip daarvoor dat in dié tyd van vrye keuse en opsies, lede oor die algemeen nie verplig wil word om deel te neem aan 'n skema of voordeel waarvoor hulle nie gevra het nie. Tog is hulle van mening dat hierdie 'n "sagte" verpligting is wat goeie waarde vir geld bied en vorentoe op die lewenspad, beslis benut sal word.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith